

Die boodskap van Hebreërs



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Hebreërs 1:5–14, Lukas 1:30–33, Psalm 132:1–5, Hebreërs 2:14–16, Hebreërs 5:1–4, 1 Petrus 2:9, Hebreërs 8:8–12.

Geheeteks: “Die hoofsaak van wat gesê is, is dit: ons het ’n Hoëpriester, Een wat gaan sit het aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemel” (*Hebreërs 8:1, NLV*).

In ’n Joodse dokument wat ’n paar dekades na Hebreërs geskryf is (ongeveer 100 jaar n.C.), is ’n gebed as volg verwoord: “Al hierdie dinge het ek voor U gespreek, o Here, want U het bevestig dat dit vir ons is wat U die wêreld geskape het. . . . En nou, o Here, aanskou tog hierdie nasies, wat aansienlik niks is, maar wat ons oorheers en ten gronde laat gaan. Want ons, U uitverkore volk, wat U as U eersgebore, U eniggebore volk bestempel, oor wie U jaloers is en as kosbaar beskou, is in hulle hande oorgegee.”—James H. Charlesworth, ed., *The Old Testament Pseudepigrapha, deel 1*, [New York: Hendrickson Publishers, 1983], bl. 536. (Vry vertaal)

Die lesers van Hebreërs het baie waarskynlik ’n soortgelyke noodkreet tot God gerig. Indien hulle die Here se kinders was, waarom het hulle deur soveel lyding gegaan?

Dus het Paulus aan die Hebreërs geskryf om die geloof te versterk van die gelowiges te midde van hulle beproewings. Hy het hulle herinner (en vir ons) dat die beloftes van die Here vervul sal word deur Jesus, wat aan die regterhand van die Vader sit, en ons binnekort huis toe sal neem. Intussen beweeg en bewerk Jesus die Vader se seën ten gunste van ons; ons moet dus volhard in ons geloof tot die einde.

* Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 8 Januarie.

Jesus is ons Koning

Die hooftema van Hebreërs is dat Jesus die Opperheer is, wat gaan sit het aan die regterhand van die Vader (*Heb. 8:1*). As God, is Jesus nog steeds die heerser van die heelal. Maar toe Adam en Eva gesondig het, het Satan die owerste van hierdie wêreld geword (*Joh. 12:31, Joh. 14:30, Joh. 16:11*). Jesus het egter gekom en deur Sy kruisdood oor Satan en sy magte getriomfeer, en die reg herwin om as Koning te regeer oor die wat Hom aanvaar as hulle Saligmaker (*Kol. 2:13–15*).

Die eerste twee hoofstukke van Hebreërs is ingestel op die inhuldiging van Jesus as Koning.

Lees Hebreërs 1:5–14. Wat vind hier plaas?

Hierdie verse word in drie afdelings ingedeel. Elke afdeling stel ons voor aan 'n aspek van die inhuldigingsplegtigheid van die Seun. Eerstens, neem God Sy Seun, Jesus aan as Sy koninklike Seun (*Heb. 1:5*). Tweedens, stel God sy Seun voor aan die hemelse hof, wat Hom aanbid (*Heb. 1:6, 8*) terwyl die Here die ewige heerskappy van Sy seun verkondig (*Heb. 1:8–12*). Derdens, stel God ons onder die heerskappy van sy Seun, wat Hy liefhet. (*Heb. 1:13, 14*).

Een van die belangrikste geloofsoortuigings van die Nuwe Testament is dat God in Jesus sy beloftes aan Dawid vervul het (*lees 2 Sam. 7:8–16 en Luk. 1:30–33*). Jesus is gebore uit die stam van Dawid, in die stad van Dawid (*Matt. 1:1–16; Luk. 2:10, 11*). Gedurende Sy bediening het die mense Hom dikwels die “Seun van Dawid” genoem. Hy was ook tereggestel onder die aanklag dat Hy aanspraak daarop gemaak het dat Hy “die koning van die Jode” is (*Matt. 27:37, NLV*). Petrus en Paulus het gepreek dat Jesus uit die dood opgewek is tot vervulling van die beloftes aan Dawid (*Hand. 2:22–36, Hand. 13:22–37*). En Johannes het Jesus ook geïdentifiseer as Jesus “die Leeu uit die stam van Juda” (*Op. 5:5*).

Hebreërs stem hiermee saam. God het Sy beloftes aan Dawid vervul in Jesus: God het aan Hom 'n “voortrefliker naam” gegee (*Heb. 1:4*), God het Hom as Sy eie Seun aanvaar (*Heb. 1:5*), Sy troon vir ewig gevestig (*Heb. 1:8–12*), en Hom laat sit aan Sy “regterhand” (*Heb. 1:13, 14*).

Meer nog, volgens Hebreërs 4:11, lei Jesus ons ook in in die rus van God, en God herinner hulle dat Jesus die bouer is van die huis van God en alle dinge (*Heb. 3:3, 4*).

Jesus, is daarby ook die erkende Heerser wat 'n oorlogstryd voer met Satan, die verdringer, vir ons trou.

Hoe kan ons vertroosting vind, veral te midde van beproewings, in die wete dat Jesus die Opperheer[ser] is van die heelal?

Jesus is ons Middelaar

'n Interessante begrip van die Ou Testamentiese teologie is dat die beloofde Dawidiese koning die nasie voor God sou verteenwoordig.

Vergelyk Eksodus 4:22, 23 met 2 Samuel 7:12–14; Deuteronomium 12:8–10 met 2 Samuel 7:9–11; en Deuteronomium 12:13, 14 met Psalm 132:1–5, 11–14. **Watter beloftes aan Israel sou vervul word deur die belofte van die Dawidiese Koning?**

Israel was God se seun, en God sou hulle 'n plek bied waar hulle skuilings kon vind, weg van hulle vyand. God sou ook 'n plek kies tussen hulle waar Sy naam tussen hulle sou woon. Hierdie plek sou oorgedra word na die beloofde Dawidiese koning. Hy sou aanvaar word as God se seun; God sou Hom rus en beskerming bied teen sy vyande, en hy sou 'n tempel bou vir God in Sion waar die Here se naam sou woon. Dit beteken dat God sy beloftes sou vervul aan Israel deur die beloofde Dawidiese koning. Die Dawidiese koning sou Israel voor God verteenwoordig.

Die inbring van 'n verteenwoordiger tussen God en Israel, het die verewiging (of instandhouding) van hulle verbondsverhouding bemoontlik. Die Mosaïese verbond het die hele Israel se trou en lojaliteit vereis ten einde God se beskerming en seën te ontvang (*lees Jos. 7:1–13*). Die Dawidiese verbond het egter God se verbondseën oor Israel verseker - deur die trou van een persoon, die Dawidiese koning.

Ongelukkig was die meeste Dawidiese konings nie getrou aan die Here nie; en kon God Israel nie seën soos Hy begeer het om te doen nie. Die Ou Testament getuig van baie van hierdie konings se ontrouheid.

Die goeie nuus is dat God sy Seun gestuur het om as die Seun van Dawid gebore te word, en Hy was die volmaakte trou self. Daarom kon God al die beloftes aan Sy volk in Jesus gestand doen. Wanneer die koning deur God geseën word, deel sy hele volk in die voordele. Dit is waarom Jesus die Middelaar van God se seën aan ons is. Hy is die Middelaar omrede Hy die kanaal is waardeur God se seëninge vloei. Ons enigste hoop op verlossing word slegs in Jesus gevind, en wat Hy vir ons gedoen het.

Dink aan die baie kere toe jy ontrou was aan jou kant van die verbondsooreenkoms. Wat leer dit ons oor hoe ons alleenlik op Jesus kan staatmaak vir redding?

Jesus is ons Oorwinnaar

Vergelyk 1 Samuel 8:19, 20 met Hebreërs 2:14–16. Watter eienskappe van ’n koning het Israel voor oë gehad? Hoe was hulle wense vervul in Jesus?

Die Israëliete het ’n koning verkies om hulle regter en hulle strydleier te wees in oorloë; Israel het hierdie begeerte gekoester omdat hulle vergeet het dat God hulle Koning was. Die herstelplan van God se heerskappy oor Sy volk is vervolmaak deur Jesus. As ons Koning, lei Jesus ons tot oorwinning in ons stryd met die vyand.

Hebreërs 2:14–16 beskryf Jesus as die Oorwinnaar en Bevryder van swakkeling-mensekinders. Christus verslaan die Satan in hierdie tweestryd en verlos ons van die greep wat sonde op ons het. Hierdie omskrywing herinner ons aan die tweegeveg tussen Dawid en Goliat. Na sy salwing as koning (*1 Samuel 16*), het Dawid sy broers gered van slawerny deur Goliat te verslaan. Die voorwaardes in hierdie geveg het bepaal dat die oorwinnaar in hierdie stryd, die mense van die ander party as slawe kon neem. (*1 Sam. 17:8–10*). Daarom het Dawid as ’n oorwinnaar van Israel opgetree. Hy het hulle verteenwoordig.

Lees Jesaja 42:13 en Jesaja 59:15–20. Hoe het Jahweh Homself in hierdie gedeeltes beskryf?

Hebreërs 2:14–16 sinspeel daarop dat God alleen Israel in hierdie stryd kon red. Let op hierdie gedeelte van Jesaja: “Waarlik, so sê die HERE: ‘Ja, die gevangenes van die held sal afgeneem word, en die buit van die tiran sal ontvlug; en jou bestryder sal Ék bestry en jou kinders sal Ék verlos’” (*Jes. 49:25, OAV*).

As Christene dink ons dikwels dat ons alleen in die stryd is met Satan. Wanneer ons egter Efesiërs 6:10–18 lees, besef ons dat ons gewis in ’n worstelstryd met die duiwel is. Maar God is ons Stryder, en Hy gaan die stryd vir ons vooruit. Ons is deel van Sy leer; dit is waarom ons Sy wapenrusting moet gebruik. Ook stry ons nie die stryd alleen nie. Die “julle” in Efesiërs 6 is ’n meervoudsvorm. Ons as ’n gemeente neem die wapenrusting op en stry saam - agter ons Oorwinnaar, wat God self is.

Wat beteken dit om die wapenrusting van God aan te trek? Met ander woorde, in ons daaglikse stryd met self, versoekings, en so meer, hoe kan ons God se instaatstellende krag toepas om getrou te bly?

Jesus is ons Hoëpriester

Hebreeërs 5–7 stel ons voor aan ’n tweede taak van Jesus. Hy is ons Hoëpriester. Die skrywer verduidelik dat God hierin ’n belofte vervul wat Hy gemaak het aan die beloofde Dawidiese koning, dat Hy “[is] priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek’” (*Ps. 110:4, ook soos aangehaal in Heb. 5:5, 6, NLV*).

Lees Levitikus 1:1–9, Levitikus 10:8–11, Maleagi 2:7, Numeri 6:22–26, en Hebreeërs 5:1–4. Watter rol het die priester gespeel?

Die priesters was aangewys en aangestel deur die mense om vir hulle by God in te tree en bemiddeling met die Here te bewerkstellig om in hulle verhouding met Hom te versoen en die dinge wat God aangaan. Die priester was ’n middelaar. Dit is waar van enige priesterskapstelsel, hetsy Joods, Grieks, Rooms, of enige ander. Die priester het dit moontlik gemaak vir die mens om met God te kommunikeer. En alles wat die priester doen, het dit ten doel gehad om die verhouding tussen die mens en God te herstel en te versoen.

Die priester het offergawes geoffer namens die mense. Die mense kon nie hierdie offerandes persoonlik na God bring nie. Die priester weet hoe die mens ’n “aanvaarbare” offer vir sy sondes kan bied sodat dit deur God aanvaar kan word of sodat reiniging en vergifnis voorsien kan word.

Die priesters het die mense ook alles aangaande die wet van God geleer. Hulle was die ‘geleerdes’ in God se geboorte en was in beheer van die leer en toepassing daarvan.

Laastens, het die priester ook die verantwoordelikheid gehad om in die naam van Jahweh die priesterlike seën uit te spreek. God het Sy goedheid en guns langs die weg van bemiddeling aan die mens oorgedra.

In 1 Petrus 2:9, sien ons egter ’n ander beeld. Ons, as gelowiges in Jesus, word ’n “koninklike priesterdom” genoem. Hierdie rol impliseer ongelooflike voorregte. Die priesters kon die Here nader in die heiligdom. Vandag kan ons met vertroue na God gaan deur gebed (*Heb. 4:14–16; Heb. 10:19–23*). Belangrike verantwoordelikhede word hiermee omsluit. Ons moet met die Here saamwerk tot redding van die mensdom. Hy begeer dat ons Sy wet en verordeninge aan ander sal leer en verduidelik. Hy verlang dat ons offers van lof en goeie werke tot Sy verheerliking sal bring. Wat ’n voorreg en wat ’n verantwoordelikheid!

Wat ’n verskil behoort dit in ons lewens te maak dat ons inderdaad “’n koninklike priesterdom” is? Hoe kan hierdie waarheid ’n stempel laat op ons lewens, of ons lewens beïnvloed?

Jesus as Middelaar van 'n nuwe verbond

Hebreërs 8–10 beklemtoon die werk van Jesus as Middelaar van 'n nuwe verbond. Die kwessie met die ou verbond was eenvoudig dat dit slegs 'n voorafskaduwing is van die goeie dinge wat sou kom. Die instellings daarvan het die toekomstige bedieningswerk van Jesus vooruitgewys, geïllustreer en gesimboliseer. Daarom het die priesters vooruitgewys na Jesus, maar hulle was sterflik en hulle was sondaars. Hulle kon nie die volmaakte offer voorsien wat Jesus wel gedoen het nie. En hulle het in 'n heiligdom bedien wat "'n afbeelding en skadubeeld van die hemelse heiligdom" was. (*Heb. 8:5, NLV*).

Jesus doen Sy bediening in die ware heiligdom en voorsien ons vrye toegang tot God. Die offers van diere was 'n versinnebeelding van die dood van Jesus as 'n offer in ons plek, maar hulle bloed kon nie die skuldige gewete reinig nie. Jesus se dood en Sy bloed reinig egter ons gewetenskuld sodat ons God met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid kan nader (*Heb. 10:19–22, NLV*).

Lees Hebreërs 8:8–12. Wat het God aan ons belowe in die nuwe verbond?

Deur Jesus aan te wys as ons Hoëpriester, het die Vader 'n nuwe verbond gesluit, wat alles vervul het wat die ou verbond belowe het. Die nuwe verbond bied alles wat slegs 'n volmaakte, ewige, vleesgeworde-goddelike priester kan doen. Hierdie Hoëpriester verduidelik nie net die wet van God nie, maar Hy skryf dit in ons harte. Hierdie Priester bied 'n offer wat vergifnis bring. Hierdie Priester reinig en transformeer ons. Hy verander ons harte van klip na harte van vlees (*Eseg. 36:26*). Hy herskape ons en maak van ons nuwe mense (*2 Kor. 5:17*). Hierdie Priester spreek Sy priesterlike seën oor ons uit op 'n ongelooflike wyse – deur ons vrye toegang te bied in die teenwoordigheid van die Vaderself.

God het die ou verbond so ontwerp dat dit sou vooruitwys na die toekoms, na die werk van Jesus. Dit het so 'n wonderskone opstelling en doel gehad. Tog het vele die doel misverstaan. Vele het die wonderlike seëninge wat Jesus se bediening hulle gebied het, gemis, omdat hulle onwillig was om die simboliek en afskaduwings te laat, en die waarhede wat die simbole uitgelig het, met albei hande aan te gryp.

“Christus was die grondslag en lewe van die tempel. Sy dienste het die offer van die Seun van God voorspel. Die priesterdom is tot stand gebring om die middelaarskap van Christus voor te stel. Die hele offerstelsel het vooruitgewys na die Heiland se dood om die wêreld te red. Hierdie offers sou kragteloos wees wanneer die grootse gebeurtenis waarna hulle nou al eeue lank verwys, eers vervul is.”—Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 165, [Vrye vertaling].

Vir verdere studie: Behalwe al die goeie en hoopvolle waarhede in die boek van Hebreërs, is daar ook ’n aantal waarskuwings wat as hoogtepunte uitstaan in hoofstukke 10-12.

Hierdie afdelings het ten minste twee gemeenskaplike elemente. Eerstens, let mens op dat die woestyn-generasie met die lesers van Hebreërs vergelyk word. Tweedens, word ons aangemoedig om te glo of geloof te hê en te beoefen.

Die woestyn-generasie het die verstommende mag van God gesien in die oorvloedige tekens en wonders gedurende hulle verlossing van Egipte. Hulle het ook God se stem gehoor spreek vanaf die berg Sinai, toe hy die Tien Gebooue aan hulle gegee het. Hulle het die vuurkolom snags en die beskermende wolkkolom bedags gesien oor hulle. Hulle is gevoed met manna, die brood van die hemel. Ook het hulle waterstrome uit die rotse gedrink wanneer hulle kamp opgeslaan het. Maar toe hulle by die grens van die Beloofde Land gekom het, het hulle nie op God vertrou nie. Hulle het geloof kortgekom; dit is die kern van God se vereistes. “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag” (*Heb. 11:6, NLV*).

Paulus sê dat ons, soos die woestyn-generasie, ook op die grens staan van die Beloofde Land (*Heb. 10:37–39*). Ons dra egter groter voorregte en verantwoordelikhede. Ons het die Here nie hoor spreek by die voet van die berg Sinai nie, maar ons het deur die Skrif ’n groter openbaring van God gesien by Sinai: die vleesgeworde God, Jesus Christus (*Heb. 12:18–24*). Die vraag is: sal ons daardie vaste vertrou, daardie geloof hê? Die skrywer moedig ons aan om die voorbeeld te volg van die geloofshelde, wat in Jesus self uitloop.

Vrae vir bespreking:

- ① Ons het geleer dat Jesus ons Oorwinnaar is wat voor ons uitgaan in die stryd teen die duiwel. Hoe kan ons saam die stryd aanpak, verenig as ’n gemeente agter ons Stryder? Watter faktore voorkom die totstandkoming van hierdie eenheid? Op watter manier verswak Satan ons as gemeentelede of as ’n kerk? Hoe het Satan Israel in die verlede verswak?
- ② As gelowiges, is ons ’n gemeenskap van priesters onder God se leiding. Op watter wyses kan jou plaaslike gemeente beter dankoffers en goeie werke bied? (Gee bepaalde en praktiese voorstelle.)
- ③ Op watter maniere is ons situasie dieselfde as die situasie van die woestyn-generasie (d.i. die tweede generasie van Israel na die uittog uit Egipte) kort voordat hulle die Beloofde Land kon binne gaan? Watter lesse kan ons leer uit hierdie ooreenkomste?